# Die Skriba en die Notule

Kerklike vergaderings verskil van enige ander vergadering. In die Parlement en by baie verenigings word ‘n Hansard gehou, waar daar woordeliks genotuleer word wie wat gesê het. In kerklike vergaderings is dit in werklikheid God se vergadering waarin Hy die Predikant, Ouderling en Diaken gebruik om sy Kerk, sy Bruid, te regeer en bestuur volgens sy opdrag met sy Woord.)

Die Kerk is dan ook die plek waar die Duiwel op sy hardste werk - waar hy die liefde van Christus op elke denkbare en ondenkbare wyse in haat wil verander. Daarom is dit baie belangrik dat dit wat op kerklike vergaderings gebeur, altyd in gedagte moet hou dat elke besluit, elke woord, tot eer van God en tot voordeel van die kerk moet wees.

In hierdie riglyn gaan daar eers ‘n paar algemene riglyne gegee word, daarna ‘n kort bespreking van ‘n agenda, en dan die notule self. Daarna gaan konsepnotules gegee word vir die vergadering van die Ouderlinge (*sensura morem),* die “Breë Kerkraadsvergadering” of die vergadering van die Ouderlinge met die Diakens, dan die diakensvergadering en dan laastens meerdere vergaderings (klassis en sinodes).

## 1 AGTERGROND

Artikel 34 Kerkorde lui: "*In alle* vergaderings *moet by die praeses 'n* skriba *gevoeg word om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word".* In kort beteken dit die volgende: Die notule moet 'n weergawe wees van wat besluit is op 'n vergadering. Die skriba sal dus notuleer waaroor die saak handel en wat daaroor besluit is.

### 1.1. NOODSAAKLIK

Wat word met “noodsaaklik” bedoel? *Noodsaaklik* is dit wat tot eer van God en tot voordeel van die kerk is. Daar is ‘n paar sake wat NIE noodsaaklik is NIE:

- Wat die mening van ‘n kerkraadslid is. Die naam is nie noodsaaklik nie, ook nie ’n eie mening nie. Wat noodsaaklik is, is dit wat God se wil is.
- Wie *vir* en wie *teen* ‘n saak gestem het. Dit is noodsaaklik dat genotuleer word of ‘n saak Goedgekeur of Afgekeur is. Dit is goed om te notuleer of dit met meerderheid van stem of met algemene / eenparige stemming besluit is. Uiteindelik is die ideaal dat die stem eenparig sal wees. Artikel 31 Kerkorde stipuleer dat wat met meerderheid besluit is, vas en bindend is.
- Motivering. Dit is noodsaaklik om te notuleer waarom ‘n besluit geneem is, veral as ‘n saak afgekeur word. Onthou dat verkeerde besluite geneem kan word. Sou iemand verskil van die besluit en beswaar wou aanteken, daar geen verwarring behoort te wees oor waarom ‘n besluit op ‘n spesifieke manier geneem is nie.
- Opdrag. Daar moet duidelik aangeteken word wie ‘n besondere taak moet uitvoer. Indien nagelaat word om die opdrag aan iemand spesifiek te gee, kan ’n saak onnodig sloer en die werk van die Here nie voortgaan nie.

### 1.2. DIE NEGENDE GEBOD

Waarom die negende gebod? Dikwels as debatte hewig word, word die *persoon* en nie die *saak* aangespreek nie. Hoewel die voorsitter veral maar ook elkeen op die vergadering moet toesig hou dat die negende gebod nie oortree word nie. Daarom hoort persoonlike standpunte nie in die notule nie en mag geen notule meld van die oortreding van die gebod nie. In die Kategismus (Sondag 43) is die volgende belangrik:

- Geen vals getuienis nie. Niks wat dus genotuleer word, behoort enige onwaarhede te bevat nie.
- Geen verdraai van woorde nie. Hierdie is die motivering waarom standpunte nie genotuleer word nie. Gewoonlik word notules na ‘n vergadering van notas af geskryf. Dit is moontlik dat die skriba ook interpreteer wat iemand sê - ‘n gulde geleentheid om onbewustelik iemand se woorde te verdraai.
- Waarheid liefhê. God is waarheid. Daarom moet hierdie waarheid reg gebruik word soos God dit bedoel:
    - Dit moet tot eer van God wees. Wat gesê / genotuleer word, moet die hoorder / leser noop om te sê / dink: “God is goed en reg”.
    - Nie moet my naaste se eer en goeie naam verdedig en bevorder. Dis nie sonder rede dat die Kategismus sê dat my naaste (in die geval van ‘n notule - ‘n medegelowige) ‘n goeie naam het nie. Hierdie beeld as God se kind en God se Naamdraer, moet dus in dit wat gesê / genotuleer word, sigbaar wees.

# 2 GELDIGHEID VAN ‘N NOTULE

‘n Notule word eers van krag as dit geteken is. In praktyk is daar verskil tussen die teken van die notule van meerdere vergaderings (klassis en sinode) en die vergaderings binne ‘n gemeente (Kerkraad, “Breë Kerkraad”, Diakens). Dit geld ook kommissies en ander groepe binne die gemeente in, soos byvoorbeeld die Finansiële kommissie, Susters, ensovoorts.

- By meerdere vergaderings word die notule gelees en goedgekeur voor die vergadering verdaag, aangesien dit geen permanente status het nie.
- In vergadering binne die gemeente word die vergadering gehou en eers op die volgende vergadering word die notule gelees en goedgekeur.
- Die volgende praktiese riglyne:
    - Slegs ‘n gekonstitueerde vergadering kan ‘n notule goedkeur. Vermy dit om ‘n notule uit te stuur en, indien daar geen besware is nie, dit as goedgekeur te beskou. Die *hoor* van ‘n notule het groot waarde. Die vergadering kan ook - al word die notule nie weer gelees nie - tog moontlik onduidelikhede bespreek sodat misverstande uit die weg geruim kan word.
    - Skryf die notule gou na die vergadering. Die skriba maak notas, maar kan maklik notas verloor, of iets neerskryf wat hy nie na 2 of 3 maande kan ontsyfer nie. Verder kan ‘n skriba iets oorkom, en as sy notas nie duidelik / beskikbaar is nie - hoe gaan die volgende skriba weet wat genotuleer moet word? ‘n Saak kan op hierdie manier maklik skipbreuk ly.
    - Op die Kerkraadsvergadering, waar daar dikwels name van mense bestokke is, moet besef word dat so ‘n notule uiters vertroulik beskou moet word. Waar daar dringende optrede vereis word, is dit sinvol om dadelik, of binne ‘n paar dae, die notule goed te keur.
- Die voorsitter en Skriba onderteken die notule. By alle wysigings moet daar geparafeer word om te verhoed dat daar ‘n beskuldiging kan inkom dat daar verander is aan die notule.

# 3 DIE VERGADERING

## 1.3. DIE AGENDA

Dit is die riglyn waarvolgens die vergadering gaan plaasvind. Gewoonlik het elke vergadering 'n basiese agenda wat gevolg en 'n ordelike wyse waarop nuwe sake op die agenda geplaas word.

Die volgende sake kan op die agenda van die vergadering binne die gemeente geplaas word:

### 3.1.1 Opening:

Dit word gedoen deur skriflesing en gebed. Sang word ook aanbeveel. Gewoonlik word dit waargeneem deur die voorsitter of iemand wat hy daartoe versoek.

### 3.1.2 Verwelkoming:

Veral die nuwe lede moet verwelkom word.

### 3.1.3 Presensie:

- Notuleer al die name van die persone wat teenwoordig is. Na ‘n paar jaar kan bitter min mense onthou wie op ‘n spesifieke tydstip op die kerkraad gedien het. Notulering soos “al die broers is teenwoordig” kan in die toekoms probleme skep.
- Notuleer wie afwesig is, met of sonder verskoning. Dit het al baie in die verlede gebeur dat iemand ontken dat hy deel was van ‘n besluit.

### 3.1.4 <u>Personalia</u>:

Mosies kan ingedien word oor die wel en weë van lede van die vergadering asook ander mense.

### 3.1.5 Lees en vasstelling van die vorige notule:

Die vorige notule word deur die skriba gelees. Indien dit vooraf uitgedeel is, kan dit as gelese beskou word. Diegene wat op die vorige vergadering was, bepaal dan of wat genotuleer is, 'n getroue weergawe van die handelinge van die vergadering is. Indien die vergadering instem dat dit wat genotuleer is, korrek is, word dit op die voorstel van een, nadat 'n tweede dit gesekondeer het, deur die vergadering goedgekeur.

### 3.1.6 Sake uit die notule:

- Sake wat sedert die vorige vergadering aandag moes geniet, word nou afgehandel. Dit word puntsgewyse genotuleer.
- **<u>Bevestiging van besluite sedert die vorige vergadering</u>**: Dit gebeur dikwels dat daar sake is wat tussen vergaderings aandag moet geniet. Sulke besluite is gewoonlik “Konsistoriebesluite” genoem. Dit word hier puntsgewys gelys en die besluite daaroor neergeskryf en bevestig.

***Van hier af verskil die Agenda van die onderskeie vergaderings. Dit sal van gemeente tot gemeente verskil. Hier is moontlike riglyne:***

<table>
<tr><th>Ouderlinge</th><th>Breë Kerkraad</th><th>Diakens</th></tr>
<tr><td>Wyksverslae</td><td rowspan="3">Kommissieverslae<br>• Eiendomme<br>• Finansies<br>• Projekte<br>• Ensovoorts</td><td>Wyksverslae</td></tr>
<tr><td>Toelating tot die nagmaal</td><td rowspan="3">SDDS</td></tr>
<tr><td>Bediening</td></tr>
<tr><td>Toerusting</td><td>Artikel 81 Kerkorde</td></tr>
<tr><td colspan="3" align="center">Nuwe sake</td></tr>
<tr><td colspan="3" align="center">Korrespondensie</td></tr>
<tr><td colspan="3" align="center">Afsluiting</td></tr>
</table>

# 4 KONSEP NOTULE

## Vergadering van die Ouderlinge van die Gereformeerde Kerk Dopperville op Maandag 4 April 2016 om 18:00 in die konsistorie

**OPENING:**
Ds. O.N.S. Voorganger open deur te lees uit Romeine 10. Hy beklemtoon die noodsaaklikheid dat die Woord verkondig moet word en wat die lidmate God se stem moet hoor. Hy laat sing uit Ps. 100:1-4 en gaan voor in gebed.

**VERWELKOMING:**
Al die broeders word welkom geheet, veral Broer N. Uut was verlede Sondag bevestig is.

**PRESENSIE:**

- Teenwoordig: Broeders A Braam, I Sak, J Akob, R Uben, JU Da en N Uut.
- Afwesig met verskoning: Br. O Upa wat sy kinders besoek nadat sy eerste kleinseun gebore is.
- Afwesig sonder verskoning: Br L. Aks. Br. Braam sal hom skakel..

**PERSONALIA:**
Mosie van gelukwensing aan Br. O. Upa met die geboorte van sy eerste kleinseun.

Mosie van meelewing met suster K. Anker wat 'n terugslag beleef het en in Hospice opgeneem is.

**VASSTELLING VAN DIE AGENDA**

- Daar word gevra dat daar besin word oor die noodsaaklikheid van sending in Antartika.
- 'n Mondelinge versoek is tot Ds Voorganger gerig vir die nagmaalbediening in die Gereformeerde Kerk Sending

**LEES VAN DIE VORIGE NOTULE:**
Die vorige notule is aan die ouderlinge uitgedeel en word as gelese beskou.

Daar is net een wysiging: op p. 4 punt 4.6 word die woord "uitgeset" vervang met die woord "uitgesit". [gedoen en geparafeer}

Die notule word met dank aan die Skriba goedgekeur en onderteken.

**SAKE UIT DIE NOTULE:**

- Die Kommissie het die egpaar Stout besoek. Hulle het berou oor hulle swak meelewing. Die kerkraad neem kennis dat hulle elke Sondag die eredienste bywoord. Verslag word met dank aanvaar.
- Die Kinders wat aansoek gedoen het om Belydenis van hulle geloof af te lê, is ondervra. Die kommissie rapporteer dat hulle besonder insig toon en beveel aan dat hulle toegelaat word. Besluit: Goedgekeur.

**BEVESTIGING VAN BESLUITE SEDERT DIE VORIGE VERGADERING:**
Die gereformeerde Kerk Langsaan het 'n *Classis Contracta* opgeroep vir die bevestiging van die nuwe predikant. Op Sondag 14 Maart is die voorsitter en Oudl. J Uda aangewys. Hulle rapporteer dat Ds B Uurman ontvang en bevestg is. Besluit: Goedgekeur.

**WYKSVERSLAE**

- Wyk 1: Oudl. J Uda het by al die lidmate huisbesoek gedoen. Almal behalwe gesin Dwarstrek het begeerte en Vrymoedigheid om die nagmaal te gebruik. Besluit: ‘n Kommissie bestaande uit Ouderling A Braam en J Uda sal die gesin voor nagmaal besoeke en dan terugrapporteer.
- Wyk 2:
- Wyk 3

**NUWE SAKE:**

- Sending in Antartika. Na indringende bespreking oor die uitreiking daarheen besluit die vergadering soos volg:
  - Daar mag nooit ‘n koue skouer aan uitreiking gegee word nie
  - Die Voorsitter sal kontak maak met die Weerstasie en vasstel of daar wel kapelane is wat die mense daar besien.
- Nagmaalbediening by GK Sending. Dit word goedgekeur omdat dit in die middag plaasvind en dus geen invloed het op ons eredienste nie.

**KORRESPONDENSIE:**

- ‘n Skrywe is ontvang vanaf die Gereformeerde Kerk Langsaan. Hulle versoek dat gesin Kerklos se kind hier gedoop word. Besluit: Afgekeur. *Motivering: Die doop word slegs aan verbondskinders bedien en nie aan mense wat geen kerklike verbinding het nie.* Die skriba sal die brief antwoord.

**AFSLUITING:**

Ouderling JU Da sluit af met gebed

# 5 MEERDERE VERGADERINGS

By meerdere vergaderings bestaan die agenda uit twee dele:

- Rapporte van deputate opdragte uitgevoer het.
- Sake vanaf die gemeentes of in die geval van ‘n streeksinode van die Klassisse en by die algemene sinode sake vanaf die streeksinodes

Daar is dus geen nuwe sake wat hanteer kan word op hierdie vergaderings nie.

Wat die notulering betrek word daar twee skribas aangewys, juis omdat die notule gelees moet word voor die afsluiting van die vergadering.

Die notulering verskil effens kan dié van die vergaderings by die plaaslike kerk omdat dit werkwyse verskil. Die beginsels bly egter dieselfde soos hierbo bespreek.